



# Photoshop Lesse - Resizing

Deur Marius van der Westhuizen Sel: 073 214 6813 e-pos: marius@mwest.co.za webtuiste: http://www.mwest.co.za

Ons is so bevoorreg om in die digitale era te lewe. Ons kamera's is duur maar wat ons spaar met digitaal en die leerskool wat ons kry van ons kamera's is so besonder. Baie klublede, meestal die beginners wonder maar wat is die verskil tussen my foto en die foto wat baie beter punte gekry het? Photoshop! die donkerkamer van die toekoms, en ons het dit so maklik. Baie mense kyk negatief daarna maar onthou wat jy op jou foto's doen soos "Levels", "Curves", "Dodge and Burn" was alles in die donkerkamer gedoen. Hierdie maand begin ons met "Resizing", omdat dit baie belangrik is vir ons digitale kompetisies. Hoop julle almal geniet dit en ek hoor graag van julle!


## Hoe moet die foto's geresize word?

Die rede vir die resizing is dat normale foto's te groot is om te e-mail en jou skerm (LCD) of die projektor is gemaak vir sekere spesifikasies, as die foto groter is as dit, gaan die foto sagter voorkom. So deur die foto groot te stuur gaan jy nie 'n beter kans staan nie maar jou foto gaan egter swakker lyk. Meeste projektors kan nie resolusies hoër as 1024 x 768 hanteer nie en kan jou foto's baie negatief beïnvloed. Maar dit beteken nie die foto moet presies daardie grote wees nie. Dit kan bv. 1024 x 400 wees of 374 x 768, solank die foto horisontaal nie groter as 1024 is of vertikaal 768 is nie. Dit maak dinge vir "cropping" baie maklik want nou kan jy 'n panorama foto op die skerm sit wat as 'n gedrukte foto moeilik gaan wees met die raampies. Die resolusie van jou skerm en die projektor is 72dpi (dots per square inch), weereens as dit meer as dit is weet jou skerm of projektor nie wat om met al daardie ekstra informasie te maak nie. Die file grote van die foto volgens PSSA reëls is 'n maksimum van 500kb.

## Stap 1: Maak foto oop in Photoshop


Maak jou foto oop in Photoshop en doen levels / curves, sharpen ens. totdat foto mooi pragtig is:)

"Image"



## Stap 2: Gaan na "Image Size"

Gaan na "Image" en klik dan op "Image size"



2.1 Klik op Resample Image.


2.2 Tik in 72 by Resolution.

2.3 Klik dan weer op Resample Image sodat daar weer 'n regmerkie is langs Resample Image.

2.4 Klik op die woord Bicubic en van die keuses kies dan Bicubic Sharper.

### Stap 3: Amper klaar.....Sit nou jou grotes in.

Jou Image size skermpie behoort nou so te lyk.  
(onthou elke foto se grootte is anders)




Kyk nou na jou foto, is dit in landskap op portret formaat?  
As dit landskap is, tik in 1024 by Width, Photoshop sal self die hoogte verander.

As jou foto portret formaat is, tik in 768 by Height,  
Photoshop sal self die wydte verander.

Dan is jou foto klaar.

Kliek nou bo by File en dan "Save as". Gee jou foto sy nuwe naam en maak seker dat jy dit save as 'n .jpg file.



Jou volgende skermpie gaan so lyk. Onder preview sal jy sien die grootte van die file.


**NB! Jou file size mag nie groter as 500kb wees nie.**

Verander die getal by Quality totdat jou file size naby genoeg is aan 500kb.

## Hoe presies werk 1024 x 768

Die maklikste manier om te onthou hoe om die sizes in te tik is, dat photoshop net die een size nodig het, as jy mooi kyk na die Image size foto links sal jy sien by Pixel Dimensions dat daar so 'n slot is aan die regter kant wat die wydte en die hoogte proporsioneel verander, dit is hoekom bo Resample Image daar 2 blokke is "Scale Styles" en "Constrain Proportions" maak seker dat daardie 2 blokkies altyd regmerkies by het.

Hier is 2 voorbeelde om dinge makliker te maak:



# Photoshop classes

## Private Tutoring

Contact Marius @ 073 214 6813

